# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 587 Cape Town, Kaapstad, 19 May 2014 **No. 37659**


## THE PRESIDENCY

No. 383 19 May 2014

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 5 of 2014: Marine Living Resources Amendment Act, 2014**

## DIE PRESIDENSIE

No. 383 19 Mei 2014

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No 5 van 2014: Wysigingswet op Lewende Mariene Hulpbronne, 2014**


9 771682 584003 37659



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

______ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President)*
*(Assented to 16 May 2014)*

# ACT

**To amend the Marine Living Resources Act, 1998, so as to insert, amend or delete certain definitions; to amplify the objectives and principles provided for in that Act; to make provision for measures relating to small-scale fishing and for the powers and duties of the Minister in this regard; to effect technical amendments; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 18 of 1998**

**1.** Section 1 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of ''sedentary species'' of the following definitions:

'' **'small-scale fisher'** means a member of a small-scale fishing community engaged in fishing to meet food and basic livelihood needs, or directly involved in processing or marketing of fish, who—

*(a)* traditionally operate in near-shore fishing grounds;

*(b)* predominantly employ traditional low technology or passive fishing gear;

*(c)* undertake single day fishing trips; and

*(d)* is engaged in consumption, barter or sale of fish or otherwise involved in commercial activity, all within the small-scale fisheries sector, and

**'small-scale fishing'** must be interpreted accordingly;

**'small-scale fisheries sector'** means that sector of fishers who engage in small-scale fishing;

**'small-scale fishing community'** means a group of persons who—

(i) are, or historically have been, small-scale fishers;

(ii) have shared aspirations and historical interests or rights in small-scale fishing;

(iii) have a history of shared small-scale fishing and who are, but for the impact of forced removals, tied to particular waters or geographic area, and were or still are operating where they previously enjoyed access to fish, or continue to exercise their rights in a communal manner in terms of an agreement, custom or law; and

(iv) regard themselves as a small-scale fishing community;'';

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken)*
*(Goedgekeur op 16 Mei 2014)*

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 1998, ten einde sekere omskrywings in te voeg, te wysig of te skrap; die oogmerke en beginsels waarvoor daardie Wet voorsiening maak, aan te vul; voorsiening te maak vir maatreëls wat verband hou met kleinskaalse visvangs en vir die bevoegdhede en pligte van die Minister in hierdie opsig; sekere tegniese wysigings aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 18 van 1998**

**1.** Artikel 1 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "bestaansgrondslagvisser" te skrap;

*(b)* deur die volgende omskrywings na die omskrywing van "jaar" in te voeg:

" **'kleinskaalse visvangsgemeenskap'** 'n groep persone wat—

(i) kleinvissers is, of histories kleinvissers was;

(ii) gedeelde aspirasies en historiese belange of regte in kleinskaalse visvangs het;

(iii) 'n geskiedenis het van gedeelde kleinskaalse visvangs en wat, ongeag die invloed van gedwonge verskuiwings, aan sekere waters of geografiese gebiede verbind is, en steeds bedrywig is of was waar hulle voorheen toegang tot vis gehad het, of voortgaan om hul regte op 'n gemeenskaplike wyse uit te oefen ingevolge 'n ooreenkoms, gebruik of wet; en

(iv) hulself as 'n kleinskaalse visvangsgemeenskap beskou;

**'kleinskaalse visvangs'** moet dienooreenkomstig uitgelê word;

**'kleinskaalse visvangsektor'** daardie sektor van vissers wat aan kleinskaalse visvangs deelneem;

**'kleinvisser'** 'n lid van 'n kleinskaalse visvangsgemeenskap wat visvang om te voldoen aan behoeftes vir kos en vir basiese bestaansmiddele, of wat direk betrokke is by verwerking of bemarking van vis, wat—

*(a)* tradisioneel in viswaters naby die kus bedrywig is;

*(b)* hoofsaaklik tradisionele, lae tegnologie of passiewe visgereedskap gebruik;

*(c)* eendagvisvangstogte onderneem; en

*(b)* by the deletion in the definition of ''South African person'' of the word ''or'' at the end of paragraph *(c)*;

*(c)* by the addition to the definition of ''South African person'' of the word ''or'' at the end of paragraph *(d)*;

*(d)* by the addition to the definition of ''South African person'' of the following paragraph:

''*(e)* a co-operative registered in terms of the Co-operatives Act, 2005 (Act No. 14 of 2005), of which all the members are South African citizens but, where any member is a juristic person, such person's principal place of business must be in the Republic;'';

*(e)* by the deletion of the definition of ''subsistence fisher''; and

*(f)* by the substitution for the definition of ''total allowable catch'' of the following definition:

'' **'total allowable catch'** means the maximum quantity of fish of individual species or groups of species made available annually, or during such other period of time as may be prescribed, for combined recreational, **[subsistence]** small-scale, commercial and foreign fishing in terms of section 14;''.

**Amendment of section 2 of Act 18 of 1998**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of the word ''and'' at the end of the paragraph *(i)*; and

*(b)* by the addition of the following paragraphs:

''*(k)* the need to promote equitable access to and involvement in all aspects of the fishing industry and, in particular, to rectify past prejudice against women, the youth and persons living with disabilities;

*(l)* the need to recognise approaches to fisheries management which contribute to food security, socio-economic development and the alleviation of poverty; and

*(m)* the need to recognise that fish may be allocated through a multi-species approach.''.

**Amendment of section 14 of Act 18 of 1998, as amended by section 1 of Act 68 of 2000**

**3.** Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) The Minister shall determine the portions of the total allowable catch, the total applied effort, or a combination thereof, to be allocated in any year to **[subsistence]** small-scale, recreational, local commercial and foreign fishing, respectively.''.

**Amendment of section 18 of Act 18 of 1998**

**4.** Section 18 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

''(1) No person shall undertake commercial fishing or **[subsistence]** small-scale fishing, engage in mariculture or operate a fish processing establishment unless a right to undertake or engage in such an activity or to operate such an establishment has been granted to such a person by the Minister.''.

**Substitution of section 19 of Act 18 of 1998**

**5.** The following section is hereby substituted for section 19 of the principal Act:

''**Small-scale fishing**

**19.** (1) The Minister, in order to achieve the objectives contemplated in section 9(2) and 39(3) of the Constitution, by notice in the *Gazette*—

*(d)* betrokke is by die verbruik, ruil of verkoop van vis of andersins gemoeid is met kommersiële aktiwiteite, alles binne die kleinskaalse visvangsektor;'';

*(c)* deur in die omskrywing van ''Suid-Afrikaanse persoon'' die woord ''of'' aan die einde van paragraaf *(c)* te skrap;

*(d)* deur in die omskrywing van ''Suid-Afrikaanse persoon'' die woord ''of'' aan die einde van paragraaf *(d)* by te voeg;

*(e)* deur die volgende paragraaf by die omskrywing van ''Suid-Afrikaanse persoon'' te voeg:

''*(e)* 'n koöperasie ingevolge die 'Co-operatives Act, 2005' (Wet No. 14 van 2005), geregistreer, waarvan al die lede Suid-Afrikaanse burgers is, maar indien enige lid 'n regspersoon is, moet sodanige persoon se vernaamste besigheidsplek in die Republiek wees;''; en

*(f)* deur die omskrywing van ''totale toegelate vangs'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'totale toegelate vangs'** die maksimum hoeveelheid vis van 'n spesie of groepe spesies wat jaarliks ingevolge artikel 14 beskikbaar gestel word, of vir sodanige ander tydperk soos voorgeskryf, vir sport-, **[bestaansgrondslag-]** kleinskaalse, kommersiële en buitelandse visvangs;''.

**Wysiging van artikel 2 van Wet 18 van 1998**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die woord ''en'' aan die einde van paragraaf *(i)* te skrap; en

*(b)* deur die volgende paragrawe by te voeg:

''*(k)* die noodsaak om gelyke toegang tot en betrokkenheid in alle aspekte van die visvangsnywerheid te bevorder en, in die besonder, benadeling uit die verlede teen vroue, die jeug en persone wat met gestremdhede leef, reg te stel;

*(l)* die noodsaak om benaderings tot visseryebestuur te erken wat bydra tot voedselsekuriteit, sosio-ekonomiese ontwikkeling en die verligting van armoede; en

*(m)* die noodsaak om te erken dat vis deur 'n veelspesiebenadering toegewys kan word.''.

**Wysiging van artikel 14 van Wet 18 van 1998, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 68 van 2000**

**3.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

''(2) Die Minister moet bepaal watter gedeeltes van die totale toegelate vangs, die totale ontplooide vangpoging, of 'n kombinasie daarvan, in enige jaar toegeken sal word vir, onderskeidelik, **[bestaansgrondslag]** kleinskaalse, sport-, plaaslike kommersiële en buitelandse visvangs.''.

**Wysiging van artikel 18 van Wet 18 van 1998**

**4.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

''(1) Geen persoon mag kommersiële visvangs of **[bestaansgrondslagvisvangs]** kleinskaalse visvangs onderneem, marikultuur beoefen of 'n visverwerkingsaanleg bedryf nie tensy 'n reg om so 'n bedrywigheid te onderneem, te beoefen of te bedryf deur die Minister aan so 'n persoon toegestaan is.''.

**Vervanging van artikel 19 van Wet 18 van 1998**

**5.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Kleinskaalse visvangs**

**19.** (1) Die Minister, by kennisgewing in die *Staatskoerant*, ten einde die oogmerke in artikel 9(2) en 39(3) van die Grondwet te bereik—

*(a)* must, subject to any law relating to marine protected areas, establish areas or zones where small-scale fishers may fish;

*(b)* may, within a prescribed period, recognise a community to be a small-scale fishing community, if the community meets requirements contained in the definition of a small-scale fishing community;

*(c)* may declare any other fishing or related activity or the exercise of any right of access in an area or zone contemplated in subsection (1)*(a)* to be prohibited;

*(d)* must prescribe—

(i) the process and procedures relating to the allocation and recognition or rights of access to small-scale fishers based within small-scale fishing communities;

(ii) procedures to be applied in the allocation of those rights;

(iii) the management of the rights of access;

(iv) the criteria and timetable for recognition of small-scale fishers and small-scale fishing communities; and

*(e)* may prescribe any ancillary or incidental administrative or procedural matter that it is necessary to prescribe for the proper exercise and performance of the powers and duties referred to in the preceding paragraphs.

(2) No small-scale fishing right or permit shall be transferable except with the approval of and subject to the conditions determined by the Minister.

(3) The Minister and any organ of state shall have regard to the need to incorporate a community-based approach in the allocation of rights of access within the small-scale fisheries sector.''.

**Substitution of section 24 of Act 18 of 1998**

**6.** The following section is hereby substituted for section 24 of the principal Act:

''**Reduction of rights**

**24.** The Minister may in respect of any fishery, determine, after consultation with the Forum, that the portions of the total allowable catch, the total applied effort, or a combination thereof, allocated in any year to **[subsistence]** small-scale, local commercial and foreign fishing, and rights granted in respect thereof, shall be reduced.''.

**Short title and commencement**

**7.** This Act is called the Marine Living Resources Amendment Act, 2014, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

*(a)* moet, behoudens enige wet met betrekking tot beskermde mariene-gebiede, gebiede of sones instel waar kleinvissers mag visvang;
*(b)* kan, binne 'n voorgeskrewe tydperk, 'n gemeenskap as 'n kleinskaalse visvangsgemeenskap erken, indien die gemeenskap voldoen aan vereistes in die omskrywing van 'n kleinskaalse visvangsgemeenskap vervat;
*(c)* kan enige ander visvangs- of verwante aktiwiteit of die uitoefening van enige reg op toegang in 'n gebied of sone in subartikel (1)*(a)* beoog, verbied;
*(d)* moet—
  (i) die proses en prosedures met betrekking tot die toewysing en erkenning van toegangsregte aan kleinvissers wat in kleinskaalse visvangsgemeenskappe gebaseer is;
  (ii) prosedures wat in die toewysing van daardie regte toegepas moet word;
  (iii) die bestuur van toegangsregte;
  (iv) die maatstawwe en rooster vir erkenning van kleinvissers en kleinskaalse visvangsgemeenskappe,

voorskryf; en
*(e)* kan enige bykomstige of insidentele administratiewe of prosedurele aangeleentheid voorskryf wat voorgeskryf moet word vir die behoorlike uitoefening en verrigting van die bevoegdhede en pligte in die voorafgaande paragrawe bedoel.

(2) Geen kleinskaalse visvangsreg of -permit is oordraagbaar nie, behalwe met die goedkeuring van en behoudens die voorwaardes deur die Minister voorgeskryf.

(3) Die Minister en enige staatsorgaan moet in ag neem dat dit nodig is om 'n gemeenskapsgebaseerde benadering in die toewysing van toegangsregte in die kleinskaalse visvangsektor te inkorporeer.''.

**Vervanging van artikel 24 van Wet 18 van 1998**

**6.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

''**Vermindering van regte**

**24.** Die Minister kan ten opsigte van enige vissery, na oorleg met die Forum, bepaal dat die gedeeltes van die totale toegelate vangs, die totale vangpoging, of 'n kombinasie daarvan, wat in enige jaar ten opsigte van **[bestaansgrondslag-]** kleinskaalse, plaaslike kommersiële en buitelandse visvangs toegewys is, en regte ten opsigte daarvan toegestaan, verminder word.''.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**7.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Lewende Mariene Hulpbronne, 2014, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.